# Waar is nog ’n ware kerk?

Kerke en nogmaals kerke. Die naam “kerk” het in die wêreld ’n afgeslete muntstuk geword. Alreeds het dit so baie betekenisse. Die vraag “wat is die kerk?” word dikwels verwarrend, teenstrydig en selfs vals gebruik – omdat daar nie altyd na die getuienis van God se Woord gevra word nie.

En die ware kerk? Teenoor die *valse* kerk waarvan die Skrif praat, *“die sinagoge van die Satan”* (Openbaring 2:9), die tempel wat *“’n rowerspelonk”* geword het (Matthéüs 21:13; Markus 11:37), moet die ware kerk van Jesus Christus tog uitgeken word.

## Wat is die finale kenmerk van die ware kerk?

Is die *ouderdom* bepalend? Nee, Kain was ouer as Abel en die Roomse kerk ouer as die Gereformeerde kerk.

Is die *plek* bepalend? Nee, Jerusalem was God se stad en tog word Christus daar gekruisig.

Is die *suksessie* (opvolging) van ampsdraers (bv. priesters, apostels of pouse) die aanduiding vir die ware kerk? Nee, Annas en Kajafas het Aäron se priesterskap verloën en Jesus laat kruisig.

Is dit die *aanta*l, die grootste getal, wat die deurslag vir die ware kerk gee? Nee, in die tyd van koning Agab was daar slegs 7 000 onder die hele volk wat nie die knie voor Baal gebuig het nie en die Fariseërs was baie meer as die dissipels van Jesus.

Is dit die groep wat die aanskoulikste vertoon met hulle eredienste en seremonies wat op die ware kerk kan aanspraak maak? Nee, in Bet-El en Samaria was die pragtigste kultus volgens die mens, en tog word dit deur die woord van Amos verwerp! En wie kan kers vashou teen die uiterlike vertoon, die prag en praal van so baie katedrale?

Is dit die hoogstaande *teologie* van die professore en die teologiese fakulteite wat die bestaan van die ware kerk waarborg? Nee, tydens die hoogste bloei van die Jode se teologie, word Jerusalem verwoes!

Waarom is al hierdie dinge en nog baie meer wat kan genoem word, geensins beslissend vir die bepaling van die ware kerk nie? Waarom kan ’n kerk wat al hierdie dinge besit, tog ’n valse kerk wees? Dit is omdat dit almal voortreflikhede volgens die mens se maatstawwe is. Maar wat sê God? Dit is die vraag.

## Slegs één maatstaf

Daar is slegs één maatstaf om die ware kerk van die valse kerk te onderskei, en dit is God se *Woord.*

Waar hierdie Woord nie meer gepreek word nie en waar hierdie Woord nie meer *reg* en *suiwer* verkondig word nie, daar ontmoet ons ’n *valse* kerk.

In die Gereformeerde Belydenis was daar nog nooit twyfel hieroor nie: *“ons sê dat ’n mens die liggaam en die gemeenskap van die ware kerk moet onderskei van al die sektes wat beweer dat hulle die kerk is”* (Artikel 29 NGB). En die eerste en belangrikste kenmerk van die ware kerk is *“wanneer die kerk die evangelie suiwer preek”.* Ook die suiwer bediening van die sakramente en die handhawing van die tug, is nog steeds die Woord van God wat gehandhaaf word.

## Die adres van die ware kerk

Jesus Christus is die Hoof van sy kerk. Sy Heilige Gees bou hierdie kerk deur die prediking van die Woord. As ek dus God self wil ontmoet, moet ek gaan na die plek waar sy Gees die evangelie verkondig. Daar waar sy Woord suiwer en reg gepreek word, daar is die Heilige Gees aktief en daar sal ek ook meteen die adres van die ware kerk vind.

Aan die ander kant, as ek by 'n kerk uitkom waar hierdie kerk *"aan homself en sy besluite meer mag en gesag as aan die Woord van God"* toeskryf (art. 29 NGB), dan vind ek daar 'n adres van die valse kerk.

Alleen die Woord van God! Daarmee is die sirkel waarbinne die kerk en sy predikers mag beweeg, presies getrek. En die Belydenis van hierdie kerk mag alleen hierdie Woord vertolk. So bely ons dit openlik in die wêreld in artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Al sou daar 'n engel uit die hemel kom om 'n ander evangelie te preek, dan mag ons nie luister nie (Galasiërs 1:8). En dit is verbode dat die predikante of wie ook al iets by God se Woord sal byvoeg of daarvan sal weglaat! (Deuteronómium 12:32). Die apostel Paulus het dit goed raakgesien en voor hierdie nugtere waarheid het hy gebeef: Wee my as ek die evangelie nie verkondig nie! (1 Korinthiërs 9:16).

© 2016
www.christelikemedia.org